



Genadige Hemelse Vader, wat my na Usself getrek het in die naam van U Seun Jesus Christus, ek besef nou dat ek 'n sondaar is en dat Jesus Christus die enigste Weg, die Waarheid, die Lewe en die enigste Middelaar tussen U en my is.

Ek bely al my talle sondes. Ek glo vas dat Jesus Christus met Sy kosbare bloed en kruisdood vir my sondes gesterf het en so met U versoeniging kom bewerkstellig het. Ek glo dat Jesus op die derde dag opgestaan het uit die dode en vir my intree by U.

Ek is innig en diep uit my hart bitterlik jammer vir al my sondes wat U so affronter en ek wil graag wegdraai van al die sondes. Wees my, 'n sondaar, asseblief genadig. Kom was my en vergewe my van my skuld en sondes.

Here Jesus ek wil U graag dien en eer. Help my asseblief om u Woord beter te leer ken, U te gehoorsaam en getrou te volg van vandag af. Laat U Heilige Gees my kom vul en voed.

Goddelike Here, ek is oproep en innig dankbaar vir hierdie wonderlike moment van oorgawe wat U deur tyd en ewigheid bestem het, dat U my kom red het van my sondes wat my so vieslik verstriek het. Bewerkstellig asseblief nou deur die werking van U Heilige Gees 'n totale en groot en besliste verandering in my lewe, sodat my handel en wandel eer sal bring vir U Heilige naam.

Ek bely Jesus as Koning van my lewe en met my volle hart glo ek dat ek gered is. Ek erken Jesus as my persoonlike Saligmaker en glo dat ek nou 'n wedergebore Christen is.

Dankie Jesus, dat U in my lewe gekom het en my hart en lewe kom genees het en my gebed verhoor. Ek vra dit in die naam van my Here en Redder, Jesus Christus. Amen